

Vergifnis

Vrylik vergewe

Sewentig maal sewe

Vergewe en vergeet?



Die Fontein

HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

JUNIE 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordenking: Die wonder van God se vergifnis

04 Vrylik vergewe

06 Vergewe en vergeet?

07 Vergewe en versoen?

08 Sewentig maal sewe

09 Ek is te na gekom – hoe hanteer ons dit?

10 Gebedsversoeke - om te vergewe

Gemeentenuus

11 A-a-a-Annlin!

12 Versterk na liggaam en na gees / Lumé word gedoop

13 Pinkstergeleentheid

14 Jonges bely hul geloof

15 Kerkfinansies

Rubrieke

16 Kollig: Vervoer

17 Diakonie: Dienswerk deur die diaken

18 Diakonie: Kollekte

19 Dit borrel in my!

20 Blokraai / Het jy geweet?

22 Ons leer mekaar ken ...

24 Diere en voëls van die Bybel

25 Tienerfokus

Kinderhoekie

26 Vervolgverhaal

27 Kleuterpret

28 Jongmensjolyt

Advertensies

29 Snuffelfontein

30 Blokadvertensies

Teks vir die maand:

“Verdra mekaar en, as enigiemand ’n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe.”

Kolossense 3:13


Uit die redakteur se pen

Magda du Toit

Vergifnis

Geeneen van ons kan sê dat ons nog nooit te na gekom of ingedoen is nie. As ons werklik eerlik is met onself, moet ons erken dat sodanige gedrag verskeie emosies, wat wissel van hartseer, teleurstelling tot woede, in ons wakker maak. Soms is ons so kwaad dat ons voel ons wil daardie persoon terugkry vir die seer of ontberinge wat hy/sy veroorsaak het. Tog leer die Bybel ons dat ons hierdie gevoelens moet laat staan. Ons opdrag is om ons wraakgevoelens te laat vaar. In hierdie maand se uitgawe van die Fontein fokus ons op hierdie opdrag van die Here. Ons voorblad simboliseer dan ook hoe die lig deurbreek wanneer daar vergifnis is.

In ons toerustingsartikels fokus ons spesifiek op vergifnis en krap so bietjie dieper in die betekenis van hierdie opdrag. Hoekom moet ons vergewe? Hoe moet ons vergewe? Wie moet ons vergewe?



Ons gaan ook voort met ons reeks artikels oor die diakonie en diensgroepe. Lees gerus meer oor ons prestasies by die onlangse Dopperspele en oor ander aktiwiteite wat binne ons gemeente plaasgevind het.

Vergifnis is dikwels 'n moeilik konsep om aan ons kinders te verduidelik. In die afdelings wat spesiaal toegespits is op ons jonger lesers probeer ons ook om aan hulle verduidelik wat hulle verantwoordelikheid is ten opsigte van 'n vergewensgesinde lewe.

Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.

U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos te stuur na fontein@annlin.co.za.

Lekker lees!



Woorddoordenking: Die wonder van God se vergifnis

Harko Mulder

Tydens die skeppingsgebeure was een van God se opdragte dat die mens nie van die boom van kennis van goed en kwaad moes eet nie – as hulle daarvan sou eet, sou hulle beslis sterf. Ons ken die geskiedenis: Adam en Eva het daarvan geëet. Een van die gevolge was dat hulle besef het hulle is naak, en daarom het hulle vir die Here God weggekrui. Let op: Voor die sondeval was hulle ook naak – maar nie skaam nie. Nou na die sondeval is hulle naak en skaam! Hulle probleem was groter as fisiese naaktheid – hulle was skaam weens hulle sonde en gebrek aan regverdige daad. Maar die Here God het reeds 'n oplossing beplan: Hy het beloof om Een uit die nageslag van die vrou te stuur wat die kop van die slang sal vermorsel, en intussen het Hy aan hulle klere van vel gegee om hulle naaktheid te bedek (Gen. 3:21).

Baie jare later is die Here Jesus gebore as die belofde Een. Johannes die Doper het Hom aangewys as die **“Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.”** Maar die wêreld het Hom nie erken nie. Hulle het Hom eerder oorgelewer om gekruisig te word. Toe Hy aan die kruis gehang het, het die soldate Sy bokleed verdeel. Maar oor Sy onderkleed het hulle die lot gewerp: een soldaat het Sy hele onderkleed ontvang. Sien jy dit? Die Here Jesus hang naak aan die kruis, en 'n soldaat, wat dit hoegenaamd nie verdien het nie, ontvang Sy volledige onderkleed (Joh. 19:23-24). Sien jy die prentjie? Aan die kruis – die naakte Here Jesus, onder – die sondaar geklee in die regverdige daad wat die Here Jesus deur Sy kruisdood bewerk het.

Lees: Genesis 3:21,

Johannes 19:23-24,

Openbaring 19:8

Verskeie jare later sien Johannes in die openbaring deur die Here Jesus op die eiland Patmos die bruid wat mag aansit aan die bruilofsmaal van die Lam. Wat verstommend is, is dat ons mag lees: **“En sy is toegelaat om blink klere van suiwer, fyn linne aan te trek. Want dié linne is die regverdige daad van die heiliges.”** (Op. 19:8)

Aan die kruis – die naakte Here Jesus, onder – die sondaar geklee in die regverdige daad wat die Here Jesus deur Sy kruisdood bewerk het.

Dit is die wonder van God se vergifnis: Van nature is ons sondegevalle mense, wat moet besef ons is naak weens 'n gebrek aan regverdige daad. Maar ons as gelowiges mag leer dat die Here Jesus ons naaktheid, d.w.s. ons gebrek aan regverdige daad, tydens Sy kruisiging op Homself geneem het, en ons geklee het met Sy eie regverdige daad wat Hy aan ons toegereken het. En dáárom het ons die verwagting om met blink, fyn linneklere aan die bruilofsmaal van die Lam te mag gaan aansit! Prys die Here!

Vrylik vergewe

Magda du Toit

Vergifnis is 'n daad van vrymaking, of soos die Verklarende Afrikaanse Woordeboek sê: [kwytskelding](#).

Ai tog!

Ons weet ons is sondig. Prediker 7:20 sê: “want daar is geen regverdige mens op die aarde wat goed doen sonder om te sondig nie” en in 1 Johannes 1:8 lees ons: “As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onself en die waarheid is nie in ons nie.” Ons lees ook dat as ons sondes nie vergewe word nie, sal ons vir ewig die gevolge dra. (Mattheus 25:46; Johannes 3:36). Is ons dan verdoem? Is daar dan geen hoop nie? Is ons reguit oppad hel toe?

Genade op genade!!

God het ons te lief om ons in die hel te vernietig. Daarom het Hy deur sy genadevolle liefde sy Seun gegee om vir ons oortredinge te betaal.

“Oor óns oortredings is hy deurboor; oor óns sondes is hy verbrysel, die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” (Jesaja 53:5)

“Jesus, Seun van God, het sy lewe as skuldoffer vir ons oortredinge gegee.” (Jesaja 53:10)

Hierdie liefde wat God geopenbaar het, is uniek. Dit stel nie eise nie en vra nie teenprestasies, gunste of gawes nie. Hierdie liefde getuig van genade wat nie kwaad vergeld nie.

**Hierdie daad van liefde
beteken dat ons volkome
kwytsgekeld is.**

So eenvoudig!

Hierdie liefde van God beteken dat ons volkome vergewe is vir al ons sondes. Dit vloei uit in 'n onverdiende daad van genade waar Jesus aan die kruis in my en jou plek gesterf het.

Tydens die laaste maaltyd saam met sy dissipels, in die nag voor sy kruisiging, het hy 'n koppie wyn geneem en vir sy apostels geskink: “Dit is my bloed van die verbond wat vir baie tot vergifnis van sondes uitgegiet word.” (Matteus 26:28)



Vrylik vergewe (vervolg)

Hierdie daad van liefde beteken dat ons volkome kwytkeseld is. Dit is nie net 'n wegsteek van sondes nie, maar 'n algehele skoonvee van jou rekord, gegrond op Jesus se offer.

Dit behels egter ook dat ons ons foute sal erken en bely. Dit beteken verder dat daar 'n permanente verandering in ons moet plaasvind. Wanneer ons glo en bely dat Jesus ons sondes verlos het, bring dit 'n nuwe begin want deur ons versoening met God word ons skuldgevoelens verwyder en kry ons vrede in ons. As ons berou het oor ons sonde, vergewe God ons.

**Glo dat God jou sonde so
ver van jou af
weggeneem soos die
ooste van die weste af is.**

Regtig so eenvoudig?

Ons skuld is reeds betaal. Kolossense 2:13-14 beskryf hoe God die “skuldbrief teen ons” aan die kruis vasgespyker het. Ons skuld is volkome deur Jesus se offer aan die kruis betaal.

Dis so maklik. Of is dit?

Soms sukkel ons om te aanvaar dat God ons sondes vergewe het en ons hou aan om onself met skuldgevoelens te teister. Ons twyfel.

Dit verg 'n geloofsdaad.

Glo dat God jou sonde so ver van jou af weggeneem soos die ooste van die weste af is. Hy sien jou nie meer as iemand met 'n vuil kledingstuk nie, maar as iemand wie se klere deur Jesus se bloed silwerskoon gewas is. “Kom tog, laat ons die saak uitpraat!” sê die Here vir ons in Jesaja 1:18: “Al is julle sondes rooi soos karmosyn, dit sal wit word soos sneeu; al is dit rooi soos skarlaken, soos wol sal dit word.”



Vergewe en vergeet?

Ds. Pieter Kurpershoek

Ons sê so maklik vir mekaar: Jy moet vergewe én vergeet!

Maar is dit haalbaar om die rewolwer wat teen my kop gedruk is, te vergeet wanneer ek die boef wat dit gedoen het, wil vergewe? Kan ek my vrou se ontrou vergeet, wanneer ek haar vergewe?

Dit klink asof die Hére vergeet wanneer Hy ons vergewe (Jesaja 43:25):

En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie.

en ook (Jeremia 31:34):

Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.

Maar tog moet ons fyn na die Here luister. Want die Here praat nié van die sonde nie onthou en nie daaraan dink nie.

Néé, letterlik sê die Here (Jesaja 43:25, 2020-vertaling):

Ek, ja, Ek is die Een wat ter wille van Myself jou oortredings telkens UITGEWIS het, jou sondes NIE IN HERINNERING GEROEP het nie.



Maar ter wille van Homself, as gevolg van die kruis van Jesus, het Hy doelbewus besluit dat Hy nie meer jou en my sonde gaan terugroep ... nie

Wanneer ons hierdie woorde wil verstaan, moet ons die Here raaksien wat as't ware besig is om alles wat gebeur in 'n boek op te skryf. Natuurlik is sy boek propvol met al ons ontrou, liefdeloosheid, skinder en rooftogte. Maar dan vat die Here 'n lap en Hy vee al hierdie bladsye en bladsye sondes uit. Hy was dit skoon, skrop dit skoon (met Jesus se bloed). Hy gaan nie meer elke keer aan al ons sondes herinner word en elke keer weer opnuut woedend en hartseer daaroor word nie. Daarom praat Hy nie meer met ons oor ons sonde nie. Hy sit eerder ons sonde agter sy rug (Jesaja 38:17). Hy sit ons in die ooste en ons sondes in die weste. Wanneer Hy na ons kyk, sien Hy nie meer my mét al my sondes nie, maar nét vir my!

Vergewe en vergeet? (vervolg)

Dit beteken nié dat die Here ons sondes vergeet het nie. HY is immers God, wat alles ken en alles onthou. Hy KAN NIE vergeet nie. Maar ter wille van Homself, as gevolg van die kruis van Jesus, het Hy doelbewus besluit dat Hy nie meer jou en my sonde gaan terugroep wanneer Hy na ons kyk of met ons saamleef nie. Hy hou nie meer 'n bordjie bo ons koppe waarop al ons sondes geskryf staan nie.

Hierin lê die aansporing vir jou en my. Wanneer ek iemand wil vergewe, is dit belangrik om doelbewus te besluit: Wanneer ek van nou af aan jou wat my seergemaak het, dink of met jou gesels, sit ek nie meer die bordjie bo jou kop waarop jou stoutigheid staan nie. Ek verbind jou nie meer met jou sonde nie. Jy is nie meer my ontrou vrou nie. Née, jy is nou my vrou, my vrou wat met Jesus se bloed skoongewas is.

**Ek vergeet dus nie
hoe jy my
seergemaak het nie,
maar ek BESLUIT ...
Jy is weer JY!**

Dit beteken nie ek onthou nie meer die gebeure nie. Inteendeel! Ek gaan altyd die vrees onthou van die rewolwer teen my kop. Ek gaan altyd die seerkry-oomblik onthou toe ek jou saam met die ander man gesien het. Maar, dis nie meer hoe ek jou beskryf nie.

Ek vergeet dus nie hoe jy my seergemaak het nie, maar ek BESLUIT dat ek jou seermaak nie meer aan jou gaan koppel nie. Jy is weer JY!

So kry jy genade en ék vrede!

Vergewe en versoen?

Ds. Pieter Kurpershoek

EK het jou seergemaak, diép seergemaak!
JY het my vergewe. Is ons verhouding nou weer herstel? Is jy en ek weer VERSOEN met mekaar, nét omdat JY vergewe het?

Néé, want wanneer jy vergewe, besluit JY dat jy my vergewe. Al bly ek op 'n afstand staan, al toon ek nog geen berou nie, al het jy en ek nie eers kontak nie, tóg kan jy my vergewe! Om te vergewe is dus JOU keuse waarmee JY sê: Jy hou MY seermaak van jou nie meer teen my nie!

Maar om te versoen, om ons verhouding te herstel, vra ook iets van MY wat jou seergemaak het (Spreuke 28:13):

Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang.

En in Matteus 18 leer Jesus vir Petrus en vir ons:

As jou broer verkeerd optree, berispe hom; en as hy berou kry, vergewe hom.

Vir MY wat jou seergemaak het, is dit nodig dat ek BEROU sal hê! En met berou word nie bedoel dat ek spyt is, jammer is en eintlik net myself bejammer omdat ek drooggemaak het nie. Néé, met berou soos die Here dit wil (2 Korintiërs 7:8-11) word bedoel:

- Ek besef dat wat ek gedoen het, ernstig is.
- Ek erken eerlik-hartseer teenoor jou, maar veral voor die Here, wat ek gedoen het.
- Ek is kwaad oor wat ek gedoen het, eerlik-kwaad vir myself.
- Ek besef dat ek nie meer op iets kan aanspraak maak in ons verhouding nie.
- Ek verlang intens dat ons verhouding weer kan herstel en ek nie weer so sal optree nie.
- Ek doen moeite - voortdurend! - om nou op die Here se manier in ons verhouding te leef.

JY vergewe ... EK het berou!
Dit kan alleen wanneer beide jy en ek met Jesus se gesindheid leef.

Wanneer Jesus aan die kruis vasgeslaan word, hoor ons naamlik hoe Jesus uitroep (Lukas 23:34):

Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!

Terwyl Jesus seergemaak word, kry Hy nie Homself jammer nie. Néé, Jesus bid vir genade, vir vergifnis vir die mense. Hoekom? Omdat Hy LIEF is vir hulle, tot die uiterste toe lief! Jesus wil ons naamlik nié weg-wens of uit Sy lewe verban nie. Nog minder wil Hy ons vernietig, vir altyd van ons ontslae raak. Néé, Hy het ons lief en lééf die ek-is-lief-vir-my-vyand waartoe Hy ons opgeroep het (Matteus 5:43-48). Vanuit daardie liefde kom sy vergifnis. Maar vanuit daardie liefde kom Hy ook daartoe om ons met Hom en sy Vader en die Gees te versoen.

Wat wys Jesus hiermee vir jou wat seergekry het en vir my wat seergemaak het? "As jy en ek by versoening wil uitkom is ten diepste LIEFDE nodig, selfopofferende liefde: Ek het jou SO lief dat ek alles sal gee, my lewe sal gee, sodat jy en ek weer kan saam-leef!

Versoen met mekaar: Vanuit ons selfopofferende liefde vir mekaar het EK werklik berou teenoor jou en vergewe JY my van harte.

Sewentig maal sewe

Johnny Beumer

Jesus se opdrag om mekaar te vergewe en om selfs iemand weer en weer te vergewe (sewentig maal sewe keer – **Matteus 18: 22**) is voorwaar nie maklik nie. Hoe dikwels hoor ons iemand sê: “Ek kan en sal hom/haar nooit vergewe vir dit wat hy/sy my aangedoen het nie”. Veral as die persoon wat jou leed aangedoen het nie eens berou toon nie. En tog, om mekaar onvoorwaardelik te vergewe is presies wat God van ons verwag.

God het ons onvoorwaardelik lief en Hy bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was – (**Romeine 5: 8**). Hy het ons as sondige mense met Hom versoen en nou verwag Hy van ons dat ons dieselfde sal doen en ons verhoudinge met ons medemens sal herstel deur mekaar te vergewe.

Nadat Jesus vir sy dissipels die Onse Vader gebed geleer het (**Matteus 6: 9-13**), wys Hy hulle spesifiek op die noodsaaklikheid om te vergewe. Om dus na te laat om mekaar te vergewe is nie 'n opsie nie. Jesus sê duidelik “Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie” – (**Matteus 6: 15**).

Dink in hierdie verband ook terug aan Jesus se gelykenis in **Matteus 18: 23-35** toe die koning sy amptenaar se skuld afgeskryf het omdat hy hom jammer gekry het. Toe dieselfde amptenaar egter sy medeamptenaar in die tronk laat gooi het omdat hy hom baie minder geskuld het as wat die koning vir hom afgeskryf het, was die koning hieroor woedend en het hy hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld wat aanvanklik afgeskryf was, betaal het.

Dikwels word daar geredeneer: “As daardie persoon nie berou toon nie, is dit nie vir my nodig om te vergewe nie”. Is so 'n standpunt korrek? Is berou 'n noodsaaklike bestanddeel vir die proses van vergifnis? Berou teenoor die persoon aan wie jy leed veroorsaak het, maak dit wel makliker vir daardie persoon om jou te vergewe. En so is die teenwoorgestelde ook waar. Maar, as daar nie berou getoon word nie, moet ek nog steeds bereid wees om te vergewe.

Wanneer ons vergewe, beteken dit dat ons nie meer iets teen iemand anders hou nie.

Vergifnis maak jou vry. Dit maak 'n einde aan wrok- en vergeldingsgevoelens wat steeds weer binne-in jou hart woed. Ons hoef nie self te vergeld nie. In


Romeine 12: 19 staan daar: “Moenie wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld”, sê die Here”

Soms word daar ook gesê: “Kom ons vergewe en vergeet”. Beteken vergewe noodgedwonge ook vergeet? As God sê “So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af” (**Psalms 103: 12**) – hoe moet ons dit verstaan? Dat God nie ons oortredinge onthou nie of dat Hy nie meer daaraan wil dink nie? Wanneer ons vergewe, beteken dit dat ons nie meer iets teen iemand anders hou nie. Maar die leed, en in sekere gevalle die fisiese gevolge daarvan, kan ons sekerlik nie uit ons geheue uitwis nie. Verder beteken vergifnis nie dat mens ontken dat benadeling wel gebeur het nie.

Behalwe dat vergifnis dus 'n opdrag van God is, hou vergifnis besliste voordele vir die gelowige in. Dit herstel verhoudinge en dit bevry die persoon wat vergewe. Bowenal, deur te vergewe, gaan daar 'n getuienis van jou uit. Jy stel daarmee God se genadige en liefdevolle karakter ten toon.

Ek is te na gekom – hoe hanteer ons dit?

Dirk Coetzee



Ek is veronreg, ek is benadeel, ek is gekrenk.

Om te na gekom te wees beteken dat jy onregverdig, sleg of onvriendelik behandel is. Dit is wanneer iemand jou seergemaak, benadeel of te kort gedoen het, en jy voel dat jy nie die respek of regverdigheid gekry het wat jou toekom nie.

Ons voel selfs dikwels dat die Here ons te na gekom het as dinge nie uitwerk soos wat ons dit wou hê nie. Die gevolg is 'n gevoel van onvergewensgesindheid en bitterheid teenoor God en alles en almal.

Maar weet jy wat doen onvergewensgesindheid aan jou liggaam? Dit veroorsaak dat die spanning in jou liggaam bly. Spreuke 4:23 (Bybel vir Almal):

"Jy moet baie versigtig wees wat jy dink, meer versigtig as met ander dinge, want as jy reg dink, dan sal jy aanhou lewe."

Die wraak is soet, word dikwels gesê. Dit is omdat dit net natuurlik is om kwaad te word wanneer ons te na gekom is of op die een of ander manier seergemaak word. Ons ingebore sin van reg en verkeerd vereis dat 'n onreg reggestel word. Die vraag is: **Hoe?**

Die seuns van Jakob het **"gekrenk gevoel en ... baie kwaad geword"** toe hulle uitgevind het dat die Kanaäniet, Sigem, hulle suster, Dina, onteer het (Gen. 34:1-7). Om die onreg teen hulle suster te wreek, het twee van Jakob se seuns 'n komplot teen Sigem en sy huisgenote gesmee.

Simon en Levi het 'n slinkse plan beraam om die Kanaänitiese stad binne te gaan en elke man, insluitende Sigem, dood te maak. (Gen. 34:13-27).

Die sesde gebod lui: **"Jy mag nie moord pleeg nie"** (Eks. 20:13). Dit gaan veel verder as net die neem van 'n fisiese lewe; dit verbied ook haat, wraak en enige skade aan jou naaste, terwyl dit oproep tot lewensliefde en respek.

Wanneer jy te na gekom is, leer die Bybel ons om nie wraak te neem nie, maar om onreg met genade, vergifnis en gebed te hanteer. Dit is belangrik om jou seerkry by God neer te lê en Hom te vra vir wysheid en genesing.

Paulus roep die gelowiges in Efese op om as die lewende liggaam van Christus op aarde te funksioneer.

"Laat vaar alle bitterheid en woede en gramskap en geskreeu en gelaster, saam met elke vorm van kwaad. Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in Christus julle ook vergewe het". (Ef 4:31-32).

Vers 31: Wat jy moet los! Vers 32: Wat jy moet doen!

Dus...Hoe?

Deur God se genade in Christus.

God het ons sondes onvoorwaardelik vergewe; daarom moet ons dieselfde genade aan ander bewys.

Gebedsversoeke - om te vergewe

Carina Pyper

"En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing. Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid. Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het."

Efesiërs 4:30 -32

Vergewe vorm so 'n groot deel van ons geloofslawe. Dit maak vry. Die 'om te vergewe' dink ek, is 'n baie moeilike aspek van ons vleeswees waarteen ons stry. As mens die deel van ons vlees oorwin dan is ons gehoorsaam aan die grootste gebod naamlik, liefde. Liefde is ook 'n vrug van die Gees. Dit sluit mooi aan by die onlangse preek van ds. Pieter wat daarop fokus dat ons kies om die Here te dien. Ons wil mooi wees vir ons Bruidegom.

Verder gee die sinnetjie: om van harte lief te hê, 'n verdere diepe betekenis aan hierdie opofferende liefde. Wanneer ons so lief het, maak dit vergiffenis moontlik. Dit gee ook aan ons die vermoë om vyande lief te hê.

Elke Sondagoggend se verootmoediging help ons opnuut om ons vleeslikheid neer te lê, ons sondes te bely en by Hom die krag en genade te ontvang om te vergewe. Die liefdesgebed is die grondslag van al die gebooe. Ware liefde dwing mens om opofferend te dien en te leef vir Sy Koningryk.

Onse Vader in die hemel – hoe wonderlik om U as Vader aan te roep.

'n LIEFDEVOLLE Vader, Seun en Heilige Gees. Groter Liefde bestaan daar nie. Ons kon dit wonderlik vier met Pinkster en ook nou onlangs met Nagmaal. Here ons bid van U om ons te vul met U liefde deur die werking van die Heilige Gees.

U Woordverkondiging Sondae bou ons en rig ons in ons geloof. Baie dankie daarvoor Here. Here, ons het U lief soos die Psalmdigter dit sing in Psalm 116. Ek weet U hoor my stem as ek na U roep. U skenk my hulp en red my keer op keer.

Hemelse Vader, om te vergewe kan so moeilik wees. Vergewe my asseblief my sondes, maar help my dat ek my sondes sal herken, erken en bely. Help my om die wat my te na kom. te vergewe.

Maar ook - waar daar in ons land so baie onreg plaasvind, rassisme wat aangeblaas word, moord, korrupsie en verder ook nog oorlog in die wêreld- help ons om dit in U hande sal laat. Help ons dat ons nie wrokke sal koester nie en dat ons sal besef dat U steeds in beheer is.

Help ons dat ons ook sal vergewe waar soveel dinge in ons land en wêreld verkeerd loop. As ons fokus op U koms, om ons mooi te maak vir U, sal ons krag ontvang om elke dag se stryd te stry volgens U Woord.

Seën elke gemeentelid. Seën ook ons predikant, ouderlinge, diakens, diensgroepe, ons koster, ons administratiewe kantoordame, ons tuin- en kombuiswerkers en elke werk wat ons doen in ons gemeente om U koningryk te eer en verheerlik. Ons vra dit nie uit onself nie, maar deur U genade. Aan U alle eer en heerlijkheid tot in ewigheid. In

Jesus Naam.

AMEN

A-a-a-Annlin!

Rika du Plessis

Die terrein van die Gereformeerde Skool Dirk Postma was reeds van 07:00 af 'n miernes van bedrywighede. Oral is gazebo's opgeslaan en stoele uitgepak – elke gemeente se basis vir die dag is gereed gekry. Groepies mense in gekleurde hemde het rondom die gazebo's versamel. Die Annlin-basis is opgesmuk met kleurvolle papierblomme – die resultaat van ure se vou en gom.

'n Feestelike atmosfeer het die hele dag geheers terwyl vier en twintig spanne van gemeentes in en om Pretoria aan verskeie sportaktiwiteite deelgeneem het. Heerlike eet- en drinkgoed is deur die loop van die dag by verskeie stalletjies te koop aangebied – 'n geleentheid vir graadgroepe van die skool, of gemeentes wat fondse wil insamel.

Ons gemeente het aan die jukskei, tafeltennis, ringtennis, volleyball, veerpyltjies, sjoelbak, snoeker, boules en pluimbal deelgeneem. Die spanne het hul beste geggee en met uitstekende resultate die dag afgesluit.


Die veerpyltjiespan behaal 'n **derde** plek, terwyl ons jukskeispan, vir die tiende jaar in 'n ry, met die **eerste** posisie kon spog.

Die geesvangspan was aan die brand en het seker gemaak almal weet **ANNLIN** is daar! Met ons kleurvolle banier en 'n groot lawaai het die span oral op die terrein rond marsjeer. Hierdie manewales het 'n groot kompetisie onder die onderskeie gemeentes laat vlam vat en almal het hul bes probeer om 'n nog groter lawaai op te skop.

Tydens die laaste gebeurtenis van die dag, die groot toutrekkompetisie, was die spanne so begeesterd dat die Kameeldrift-dames 'n uitdaging aan die Annlin-dames gerig het om ook tou te trek. Die Annlin dames het uiteraard nie op hulle laat wag nie en die uitdaging aangeneem. Boonop het die Annlin-span stof in Kameeldrift se oë geskop en weggestap met 'n oorwinning!

Teen die einde van die dag was almal se stemme gaar, maar dit was die moeite werd! Annlin stap vir die **eerste keer met die geesbeker** weg en ons is oortuig daarvan dat almal wat die dag daar was, steeds die Annlin-krete in hul slaap hoor! Dankie aan elke deelnemer, blomvouer, blomplakker, lawaaimaker en ondersteuner wat hul gewig agter die spanne gegooi het! Dit was groot sports!

Dopperspele 2027, die Annlin-span sien reeds uit!



Versterk na liggaam en na gees

Magda du Toit

Met hul ryk lewenservaringe is die lidmate ouer as 70 'n waardevolle groep binne ons gemeente.

Onlangs het ons senior lidmate weer lekker saamgekuier tydens 'n middagete na kerk in die kerksaal. Wat 'n ongelooflike voorreg om hierdie kosbare ouderdomsgroep te kon bederf. As deel van ons gemeente bring hulle soveel liefde en wysheid.

Die oggend was vol lag, gesels en daai spesiale kuier wat net saam met jare se wysheid en lewenservaring kom. Almal het heerlik geëet, stories uitgeruil en die warm saamwees met mekaar gedeel. Die hoogtepunt van die oggend was Claudine Mochেকেle se pragtige sang. Hoe heerlik was dit nie om na haar te kon luister nie!



Lumé word gedoop

Gerhard van Staden

Op Sondag, 7 Mei 2026, het ons gemeente die voorreg gehad om Lumé (9) se doop te kon meemaak. Saam met Lumé was haar ouers, JG Adendorff en Suné van Ginkel asook ouma, Ronel Adendorff.

Ds. Pieter het die formulier vir die bediening van die heilige doop aan kinders aan ons voorgehou. So is ons almal weereens in die geloof versterk. Na die afhandeling van die verrigtinge het sr. Zoë Venter 'n boekie aan Lumé oorhandig om haar te herinner dat sy nou ook Jesus gaan navolg.



Pinkstergeleentheid (kerkplanting)

Gerhard van Staden




Die Evangelisasiekommissie het vanjaar drie geleenthede geïdentifiseer waartydens die gemeente geleentheid sal hê om betrokke te raak met die verkondiging van die evangelie.

Die eerste geleentheid is die beskikbaarstelling van die elektroniese dagstukkies waarvan vier reeds aan die gemeente uitgestuur is. Die tweede is ons gemeente se moontlike betrokkenheid met kerkplanting, spesifiek in die Noord-Weste van Pretoria. Dit sal in samewerking met die Klassis Trans-Magalies geskied. Die derde geleentheid is die “Bid-vir-Vyf”-projek.

Op **Saterdag, 23 Mei 2026** is ’n spesiale geleentheid wat oor kerkplanting handel het by ons gemeente as deel van ons Pinksterfees aangebied. Die tema van die gespreksgeleentheid was “**Die geboorte van ’n kerk van ons Here Jesus ... in ’n nuwe konteks!**” Twee kenners op die gebied van kerkplanting is as gassprekers genooi om ons toe te spreek.

Ds. Kruger de Kock (Cross Culture Church) het gepraat oor die aspekte waaraan voor en in die geboorteproses aandag gegee moet word. Die kernfasies van kerkplanting is:



Die metafoor van ’n geboorte is briljant deur ds. Kruger verduidelik en uiteengesit as illustrasie oor hoe kerkplanting moet geskied. Die geboorteproses sal in die Julie-uitgawe van Die Fontein breedvoerig bespreek word.



Prof. Derrick Mashau het die geboorteproses van Sunnyside tot New Life City Church in konteks geplaas. Prof. Derrick het vertel hoe prof. Koos Vorster hom genader het om betrokke te raak. Staaltjies van alles wat hulle aan die begin van die projek deurgemaak het, is gedeel. Terwyl sommige daarvan humoristies was, was dit duidelik dat die hele proses vol aangrypende ervarings was!

Hulle uitreikings in die kosmopolitaanse samestelling van Sunnyside is ook bespreek. Prof. Derrick het erken dat hulle ook harde lesse geleer het. Uit ervaring het hulle geleer dat hulle slegs mense kon bereik deur middel van die teenwoordigheid van ’n sendeling. Verder moet hulle ’n omgewing skep waar dit duidelik was dat daar vir mekaar omgegee word. Die daarstel van ’n crèche met 80 kindertjies het ’n sentrale rol in die sukses gespeel. Die benadering van mens-tot-mens en huis-tot-huis het nie inslag gevind nie.

Die Evangelisasiekommissie wil hiermee sr. Magda en die susters bedank vir hul dienste en fasiliteite, ds. Pieter wat die reëlins en skakeling behartig het asook almal wat die geleentheid bygewoon het. Dit was voorwaar indrukwekkend gewees!



Klik hier om die volledige gesprek te luister.

Jonges bely hul geloof

Gerhard van Staden

Tydens die erediens op **Sondag, 17 Mei 2026**, het vier van ons gemeente se jongmense hul geloof voor die hele gemeente bely.



Die vier jong mense is deur die kerkraad ondervra en die kerkraad was daarvan oortuig dat hulle toegerus is om belydenis af te lê. Die vier jongelinge het die volgende oor hulle geloofsbelydenis te sê gehad:



Hanru van Niekerk:

“Hiermee wil ek voor almal erken dat Jesus die Here is en dat ek alleenlik op hom vertrou en dat ek volgens Sy woord sal lewe. Ek bid dat God my wys maak en dat ek die regte keuses maak.”



Aliana Vosloo:

“Ek weet dat al gaan ek val, seer kry en lang paaie stap, gaan Hy steeds daar gaan wees om by te rus. Al wat in die lewe konstant is en was, is die HERE. Na al die jare van wegkruip vir Hom en seer bly, het Hy steeds my hart vasgehou en my geroep om terug te kom huis toe. Ek wil by Hom wees!”



Bernard van Heerden:

“Ek wil eerstens begin om te sê dat ek nie hierdie punt van my lewe sou bereik het sonder my ouers of die Here nie. ’n Gebeurtenis wat vol vreugde is of was, was toe ek besef het dat die Here elke dag by my is, waarheen ek ook al gaan.”



JP (Jean-Pierre) Lubbinge:

“Ek weet ek is nie perfek nie, maar ek vertrou dat die Here my sal lei en help om elke dag nader aan die Here te groei. Wanneer ek aan Jesus dink, sien ek ’n Koning met ’n kroon wat alles regeer, maar ook ’n liefdevolle herder wat sy skape beskerm.”

Tydens die verrigtinge het oudl. Jan Coetzee, namens die kerkraad, aan elkeen ’n Bybel oorhandig.



Kerkfinansies - Mei 2026

	Mei 2026		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasië Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Diensgroepe	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Mei 2026, het die kerkkas 'n netto surplus van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto surplus van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir Mei 2026 was ** meer as die begrote maand se lidmaat bydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** meer as die begrote bydraes.

Ons is die Here dankbaar vir sy getroue voorsiening en ook vir die gemeentelêde, vir hulle bydraes om die kerk en die begrotingsdoelwitte te ondersteun. Ons doen 'n beroep op die gemeentelêde om asb. getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas. Gebruik verwysing: **Wyk, Naam, Van**

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Diakonie se diensgroepe: Vervoer

Die Vervoerdiensgroep is verantwoordelik vir die **koördinerings van vervoer in ons gemeente**. Dit behels die reël van vervoer en saamrygeleenthede vir behoeftige lidmate asook bejaarde en/of gestremde lidmate wat nie oor hul eie vervoer beskik nie.

Saamrygeleentheid kan verder aangebied word om eredienste of ander gemeente-byeenkomste by te woon of om persone by te staan om dokters- of noodafsprake na te kom, of noodaankope te doen.

Omdat die koördineerder van diensgroepe verkieslik 'n diaken moet wees, is daar in hierdie geval 'n uitsondering gemaak waar **Yolande le Roux** haarself geroepe gevoel het om haar dienste en gawes beskikbaar te stel. Sr. Yolande sal vervolgens aan haar eggenote, diaken Wimpie, verslag doen en hy weer op sy beurt aan die diakonie.

Sr. Yolande gaan vervolgens as koördineerder van 'n aantal sub-groepe optree om dienslewering te vergemaklik en te vereenvoudig. Koördinerings sal hoofsaaklik deur middel van WhatsApp-groepe geskied. Sy sal ook nou skakel met ander diensgroepe, byvoorbeeld die versorgings- en senior diensgroepe.

Die idee is dat die vervoergroep uit 'n aantal sub-groepe sal bestaan, bv.

- 📍 groepe vir hulp aan lidmate wat self kan loop
- 📍 groepe wat hulp gee vir lidmate wat met hulpmiddele (bv. krukke of looprame) oor die weg moet kom
- 📍 groepe wat lidmate wat in rolstoele is sal bystaan.

'n Ander sub-groep sal weer hulpbehoewende lidmate wat oor geen vervoer beskik nie en byvoorbeeld dokters- of noodafsprake moet nakom of noodaankope moet doen, kan help. Dit sal geskied in samewerking met die wyksouderling en moontlike hulpverlening binne wyksverband.

Dit is belangrik om daarop te let dat hulpverlening binne wyksverband daarop gemik is om die persoon wat moontlik gaan hulp verleen nie te belas en te verontrief met ritte wat buitensporig ver en midde in spitsverkeer sal plaasvind nie. Dit is uiters belangrik om kennis te neem dat hierdie aspek as 'n **LIEFDESDIENS** aan behoeftige lidmate beskou moet word.

Die Vervoerdiensgroep se bedrywighede is tans nog in 'n beplanningstadium. Die implementering kan nog etlike maande duur.



Ons lidmate wat voel dat hul by hierdie diensgroep betrokke wil raak kan gerus vir:

- 📍 **Yolande (sel nr. 082 563 7164)**
- 📍 **Wimpie (sel nr. 082 462 5221)**

kontak vir verdere inligting.



(’n Beknopte weergawe van ’n navorsingstuk deur wyle prof. Gert Breed)

In deel 2 van ons reeks artikels het ons gekyk na die bediening van die gemeente soos omskryf word deur die diakon-woordgroep, naamlik diakonia.

In 1 Petrus 4:10 word die verskeidenheid bedieninge in die gemeente duidelik wanneer die verhouding tussen die genadegawes wat die Gees skenk en die diakonia beskryf word.

As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy ’n genadegawe ontvang het, die ander dien (diakoneo). God se genade word sigbaar in die gelowige se lewe deur die genadegawes wat hy of sy ontvang. Hierdie genadegawe moet gebruik word om ander te dien (diakoneo).

Genade, genadegawe en diakonia is onlosmaaklik aan mekaar verbind.

Die diaken se dienswerk in bedieningspatrone wat in die Nuwe Testament beskryf word, moet op deeglike eksegeese, ook bekend as teksverklarings, rus.

Dus:

- ’n Mens kan nie noodwendig enige Skrifdeel wat liefdesdiens beskryf, gebruik om die wese en inhoud van die dienswerk van die diaken te bepaal nie.
- Daar moet met omsigtigheid te werk gegaan word wanneer Skrifdele met mekaar in verband gebring word om die wese en inhoud van die diaken se dienswerk te bepaal.
- Daar word nie in die Nuwe Testament ’n duidelike taakomscribing vir die diakens gegee nie.
- Dit is wel duidelik dat daar in die vroeëkerke mense as leiers na vore getree het wat leiding geneem het ten opsigte van die fasette van die diakonia wat nie deur die apostels of die ouderlinge hanteer kon word nie. Hulle is met die woord **diakonos** benoem of hulle werk is as diakonia aangedui.

Die hele gemeente moet begelei en toegerus word om hulle gawes te gebruik om die diakonia van Christus binne en buite die gemeente te verrig. Die Gees deel die gawes uit soos Hy wil en daarom moet die omgewing geskep word waarbinne elke lidmaat haar of sy besondere dienswerk kan verrig.

Lidmate behoort onderrig te word in die volle betekenis van die diakonia van Christus, naamlik dat dit nederige dienswerk is in gehoorsaamheid aan God wat die opdrag gee en daarom ook op sy gesag geskied. Lidmate behoort geroep en gestuur of afgesonder te word vir bepaalde take waarvoor hulle aan die gemeente moet terugrapporteer. Lidmate behoort die geleentheid gegee te word om spontaan in ’n bepaalde faset van diakonia in die gemeente leiding te neem. Die gemeente moet hierdie mense, wat waarlik diakonoi is, erken as diensknegte van God (1 Kor. 16:15 & 16).

Diakoneo tree dus as ’n tussenganger op. Hulle is verantwoordelik vir die uitvoering van ’n amptelike taak of van ’n bepaalde taak waarvoor hy of sy gestuur is.

Diakonie

Kollektes

Gerhard van Staden

Tydens alle ere- en nagmaaldienste word kollektes opgeneem. Daar word ook kollektes by die deure opgeneem vir spesiale instansies of aktiwiteite soos tydens die erediens afgekondig.

Hierdie dienstaak word van diakens verwag in terme van die Kerkorde (Artikel 25). Ons gemeente se “Dien Jesus”-projek, waar almal hul geestesgawes kan uitleef, maak dit nou ook moontlik vir lidmate om die diakens met hierdie taak by te staan.

Elke week word ’n opname op die toegewysde WhatsApp-groep gedoen om te bepaal wie beskikbaar is vir die daaropvolgende Sondag. Dienslyste word na die opname opgestel en voortydig per WhatsApp bekendgemaak.



Direk na die eredienste word die kollektes volgens spesifieke voorskrifte in die konsistorie gesorteer en getel. Nadat hierdie proses voltooi en afgehandel is, word die kollektes aan die toegewysde persone oorhandig vir veilige bewaring.

U sou alreeds opgemerk het dat ons jonger en sommige ouer garde reeds hierby betrokke is.



As u egter ook begerig is om te kom hand bysit, is u baie welkom om diaken **Wimpie le Roux** te kontak (**sel nr. 082 462 5221**) vir verdere inligting.



Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan **borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid!** Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydrae wat deur van ons lidmate ingedien is:

My skoonpa, wat ongeveer twee jaar gelede oorlede is, was sy hele lewe lank werksaam by Nissan, waar hy in 'n verskeidenheid hoedanighede aangewend was. Tydens een van hierdie poste wat hy beklee het, is hy met 'n verskeidenheid pryse beloon.

Skoonpa het nooit hierdie pryse in ontvangs geneem nie omrede sy direkte afdelingshoof hierdie pryse vir homself opgeëis het. Ongeveer dertig jaar later sou die twee in dieselfde aftree-oord beland! Nodeloos om te sê, die wedersydse kommunikasie was baie stram en afsydig.

My skoonpa is met 'n ongeneeslike siekte gediagnoseer en sy kragte het afgeneem. Kort voor die einde en bedlënd, vra skoonpa vir skoonma om die man te gaan haal. Skoonpa wou met hom praat. Die man het skoonpa dieselfde dag kom sien.

Tydens 'n kort, kragtige gesprek het skoonpa vir die man vertel dat hy - wat skoonpa is - alles weet wat die man gedoen het, maar dat hy hom onvoorwaardelik vergewe vir wat hy gedoen het. Skoonpa het toe vir die man gevra of hulle saam kan bid. Skoonpa het toe vir hulle twee gebid. Die man het skoonpa se sterfbed in trane verlaat.

Skoonpa is vier weke later oorlede.

Anoniem

Maandag 1 Junie

Ek het vanoggend soos gewoonlik gaan draf. Hierdie keer het ek na die Tweedehandse verkoping by die kerk gedraf. Ek het altyd gedink, met dié dat ek al hoe onfikser raak wil ek net nie stadiger as 6min/km draf nie. Die afgelope jaar, eintlik van verlede jaar November af, het dit op verskillende maniere rof gegaan met my en dit het alles 'n invloed gehad op my fiksheid.

Vanoggend het ek gesien ek het heelwat stadiger as 6min/km gedraf. Ai.

Ek dink toe hoeveel dierbare mense die afgelope tyd deur moeilike tye is vanweë hulle gesondheid. Ek dink spesifiek aan Tannie Annatjie Myburgh wat nou ook uitdagings met haar gesondheid in die gesig staar. Maar, ongeag daarvan, bly sy so vol blymoedigheid en dankbaarheid in ons Hemelse Vader. Sy hardloop haar geloofswedloop in onmeetbare terme en tog doen sy dit voluit!

Ek besef: Ons aardse vlees gaan al hoe swakker word, ons gaan dalk mettertyd nie meer eers 'n kilometer kan hardloop of stap nie. Maar om die geloofswedloop voluit te kan hardloop is meer werd as die suiwer heuning uit 'n heuningkoek, en ook as die suiwerste goud waarvan Dawid praat in Psalm 19. Dít is die wedloop wat mens moet wen waarvan apostel Paulus praat. En om dit te kan doen, is net uit genade! Hoe dankbaar moet mens dan nie wees nie.

Dis met die grootste dankbaarheid dat ek steeds my paar kilometers vanoggend kon draf.

Anoniem.

Blokraai

Junie 2026


- ❖ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ❖ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- ❖ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.

- ❖ Neem 'n kopie by die kennisgewingbord en voltooi dan die blokkiesraaisel. Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ❖ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte blokkiesraaisels:

**Rita Kruger
Andrie Beumer
Blignaut Viljoen**

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

1. Kernfase 5 van kerkplanting (uit: Pinkstergeleentheid)
2. Die grondslag van al die gebooe (uit: Gebedsversoeke)
3. Seun van Jakob (uit: Ek is te na gekom)
4. Jy vergewe, ek het (uit: Vergewe en versoen)
6. Sy het as kind gedroom om ... te word (uit: Ons leer ken ...)
8. Die wraak is ... (uit: Ek is te na gekom)
11. Ds. Kruger se kerk word die Cross ... Church genoem (uit: Pinkstergeleentheid)
12. Oudl. Coetzee se naam (uit: Geloofsbelydenis 2026)

Leidrade - Dwars:

5. Broer van 3 af (uit: Ek is te na gekom)
7. Dit maak jou vry (uit: sewentig maal sewe)
9. Hierdie toring is in Parys, Frankryk (uit: Tuimelende toring van Parys)
10. Ds. Kruger se van (2,4) (uit: Pinkstergeleentheid)
13. Die vark was 'n ... dier (uit: Diere en voëls van die Bybel)
14. Johannes het die bruid op hierdie eiland gesien (uit: Die wonder van God se vergifnis)
15. Sr. Izelle se beroep (uit: Ons leer ken ...)

Het jy geweet?

Die getal sewe is die som van drie (Godheid – Vader, Seun en Heilige Gees) en vier (die wêreld wat bestaan uit vier elemente, nl. aarde, vuur, water en lug) en dit druk as sodanig totaliteit uit. Ons lees onder andere in Matteus 18:22 dat 'n mens die plig het om sewentig maal sewe keer te vergewe wat dui op die ontelbare kere wat mense mekaar moet vergewe.

Bron: Stander, Hennie 2000 Simbole veilig of gevaarlik?
Kaapstad Struik Christelike Boeke



- Die Bybel is onder die inspirasie van die Heilige Gees geskryf deur meer as 40 verskillende skrywers uit alle vlakke van die lewe: herders, boere, tentmakers, dokters, vissermanne, priesters, filosowe en konings.
- Bron: Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! Tydskrif

- Sneeu, wat geassosieer word met vergifnis van sondes, word 24 keer in die Bybel genoem. (vgl. Ps. 51:9 en Jes. 1:18)

- Bron: Het jy geweet? Fassinerende feite uit die Bybel. JUIG! Tydskrif



Ons leer ken ...

In hierdie nuwe afdeling in Die Fontein gaan kuier ons by lidmate in ons gemeente, nie net om uit te vind wat hulle doen nie, maar juis om die mens agter die beroep beter te leer ken. Natuurlik sal ons by lidmate gaan aanklop wat 'n interessante of anderse beroep het, of wat 'n groot passie vir sy of haar stokperdjie of sport het – dit is juis hierdie dinge wat ons van mekaar onderskei, maar tog ook nader aan mekaar bring. Ons hoop om met hierdie afdeling daardie eerste deur oop te maak na nuwe vriendskappe. Ons wil 'n omgewing skep waarbinne ons met groter gemak kan aanbeweeg van 'n beleefde glimlag na 'n hartlike ek-ken-jou-en-wil-weet-hoe-dit-regtig- met-jou-gaan, groet.

As jy dus voel jy het 'n interessante stokperdjie of beroep, moenie huiwer nie – kontak ons sodat ons by jou kan kom kuier of stuur sommer self jou storie in!
(Red.)

... Izelle Vierbergen

Van kleintyd af was dit Izelle se droom om 'n veearts te word. As klein dogtertjie wou sy graag 'n dieredokter wees. Dit het beteken dat vakke soos wiskunde, wetenskap en biologie haar voorland was en sy moes baie hard werk op skool om universiteitskeuring vir hierdie graad te kry. In matriek het sy haar aansoekvorm vir keuring vir veearts by die universiteit ingedien en in spanning op 'n antwoord gewag.

“My ouers het iemand geken wat by Onderstepoort werk en ek het die geleentheid gekry om vir 'n week daar te gaan kuier. In daardie week het ek begin twyfel of dit werklik die regte veld vir my is. My hart is baie sag en ek het letterlik seergekry as ek die nood, seer en siek in diere sien. My skielike 100% seker-wees, het verander in 'n worstelstryd met die Here. Ek moes begin dink aan 'n plan B.”

Izelle het daarna by 'n vriendin wat regte sou gaan studeer, gaan aanklop en na daardie gesprek het dit vir haar na 'n nuwe opsie geklink om te oorweeg.

“Ek het baie gebid, baie leiding gevra en eindelijk ook my aansoekvorm vir keuring vir regte ingedien en gewag. Ek het egter vir die Here gevra dat Hy moes besluit waar Hy my wou gebruik, en dat die eerste keuringsantwoord vanaf die universiteit wat ek ontvang, die Here se antwoord sal wees.”

Sy sê sy het in haar hart gewens dat dit nie regte moet wees nie!

Uiteindelik het die antwoorde op haar aansoeke teruggekom van die Universiteit af. Sy het keuring vir beide rigtings ontvang. Maar die Antwoord van die Regtefakulteit was eerste in die pos. “Ek het aanvaar dat die Here geantwoord het.”

Sy het haar B Iur en LLB grade behaal en daarna haar twee jaar klerkskap voltooi, waarna sy as prokureur toegelaat is.



Ons leer ken ... (vervolg)

“Ongelukkig was ek redelik ontnugter na my twee jaar klerkskap. My ervaring was dat integriteit, reg en regverdigheid, eerlikheid en eerbaarheid skielik regverdigbare en buigbare begrippe was. Ek is gekonfronteer met ’n vraagstuk: hoe kan my dagtaak in stryd wees met wat ek glo? Hoe kan ek in die aande op my knieë gaan, as ek deur die dag dit waarin ek glo, moes aanpas en buig?”

Izelle vertel sy was selfs skaam om te sê dat sy ’n prokureur is, want sy het ook agtergekom dat die persepsie by mense is dat jy as prokureur oneerlik is. “Ek het vas geglo dat die Here ’n fout gemaak het. Hoewel ek begin twyfel het oor my loopbaankeuse, het ek besluit om my eie praktyk te begin waar ek self kon besluit wie ek sal verteenwoordig en watter sake ek sal inneem.”

Volgens Izelle hou sy nie van konflik of baklei nie en tog kry sy ongelukkig baie daarmee te doen in haar werk. “Aanvanklik het ek geglo dat ek nie ’n goeie prokureur kan wees nie, omdat ek baie sag en maklik subjektief betrokke raak. Ek het egter mettertyd geleer dat die Here my gebruik net soos ek is. In elke saak wat ek aanpak, vra ek die Here vir Sy leiding en wysheid sodat ek nie net vir my kliënt ’n regverdige uitkoms kan bewerk nie, maar sodat ek deur alles die Here se lig kan laat skyn. Vir my is my werk en my liefde vir die Here een, ek kompartementeer dit nie.”

Sy vertel dit was tydens haar klerkskap waar sy baie in die howe gewerk het altyd vir haar moeilik om te aanvaar dat ’n beskuldigde op tegniese punte vrygelaat kan word terwyl die persoon se onskuld sterk betwyfel word. Daar het ek ervaar dat ons regstelsel gebaseer is op wat bewys kan word en nie noodwendig oor die waarheid nie. “Vir baie prokureurs is dit ’n oorwinning omdat dit ’n goeie uitkoms vir sy kliënt beteken het. Ek het egter geleer om nie te veroordeel nie – nie die beskuldigde of die prokureur wat hom verteenwoordig nie. Dit is ’n saak tussen hulle en die Here.”

Izelle sê dit het haar lank geneem om te besef dat die Here nie ’n fout gemaak het nie. “Waar die Here my geplaas het, het die geleentheid geskep dat ek my roeping kan uitleef.

Dit het ’n voorreg geword en die geleentheid gebied waar ek nie net regshulp kan bied nie, maar ook Jesus se liefde, hoop en lig aan mense wat seer het en in die moeilikheid is, kan bring. Ek kan in ’n konsultasie vir ’n kliënt ’n gebed doen of sommerk met hulle gesels oor ons Hemelse Vader wat nooit ons hand los nie. In my werk het ek nou geleentheid om waarlik diensbaar te kan wees.”




Diere en voëls van die Bybel

Varke (Deel 5)

Gerhard van Staden

In die vyfde aflewering oor soogdiere, kyk ons hierdie maand na die varke.

Varke kom voor as wilde diere, byvoorbeeld die bosvark, en ook die getemde soort waarmee geteel word. Wilde varke was tot so onlangs as 'n eeu gelede baie volop in Palestina, maar met die hewige migrasie van mens en dier in die omgewing, het hul getalle aansienlik gedaal.




Alhoewel die hoewe van die vark in dieselfde groepering as beeste en bokke voorkom, alombekend as gelyktonige hoefdiere, verskil varke radikaal van hierdie diere in terme van die samestelling van hulle mae. Varke het 'n eenvoudige enkele maag teenoor die ander diere wat komplekse saamgestelde mae het. Diere soos beeste staan bekend as herkouters. Die proses stel hulle in staat om hul kos te verteer.

'n Tweede belangrike verskil is in hul voortplanting. Varke kan tot twaalf varkies per werpsel elke vier maande lewer, terwyl die ander hoefdiere slegs een (selde twee) kalwers elke vyf to nege maande lewer.

Waarom dan is die eet van varkvleis, wat tog 'n voedsame kos is, totaal deur die Jode en later ook deur die Moslems verbied?

Van die vroegste tye af het die mens bewus geword dat varke heelwat komplekse parasiete dra wat alternatiewe gashere gehad het, waarvan die mens een was! Hulle het dus geglo dat varke siektes aan die mens oordra. Gekontamineerde varkvleis kon slegs deur middel van hittebehandeling geneutraliseer word. Dit kon egter eers tydens die 20ste eeu wetenskaplik bevestig word!



Ses keer word daar na varke verwys in die Ou Testament. Al ses keer word hul onrein natuur beklemtoon. (Vgl. Jes. 65:4 & Jes. 66:3 & 17). Ook in Spreuke 11:22 lees ons van 'n goue ring in 'n vark se snoet wat beteken 'n aantreklike voorkoms sonder innerlike krag gaan gou verby.

In die Nuwe Testament kom varke veertien keer voor, waarvan elf keer in een insident, te wete die heling van die twee besetenes in Gadara. (Vgl. Mat. 8:28 – 32). In Matteus 7:6 sien ons Jesus se beeldspraak om te waarsku dat 'n mens nie die evangelie sonder onderskeiding moet bly bring aan mense wat dit nie wil aanvaar nie. Sien ook 2 Petrus 2:22 se spreekwoord “'n vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder”.

Een ding is vir seker: Volgens die Bybel was die vark 'n onrein dier.


Daar is egter dinge wat in die Ou Testament (bv. Levitikus 11) voorgehou is om te onderhou, maar wat in die Nuwe Testament opgehef is, bv. die besnydenis en bring van offers. Nog so iets is die eet van onrein diere. Die volgende is verse in die Nuwe Testament wat wys dat die verbod op die eet van onrein diere (soos varkvleis) opgehef is in die Nuwe Testament: Markus 7:14-23, Handeling 10:11-16, Romeine 14:2-3,6,20, 1 Korintiërs 8:1-13, 1 Korintiërs 10:24-33, Kolossense 2, Hebreërs 9:1,10.

In ons volgende artikel (Jul 2026) kyk ons na die bere.

Bron: Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.



OM JOUSELF TE KAN VERGEWE



Dis nie altyd maklik om mens te wees nie. Daar is soms swaar dinge wat oor ons lewens gelê word, van vriende wat ons in die steek laat, familie wat met woorde seermaak en dan natuurlik ook boelies of wat ander seermaak net omdat hulle kan.

Van kleins af word ons geleer om mekaar te vergeef. Jesus leer ons dit ook in Matteus 6:12:

“...en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree...”

Só leer ons om vergifnis teenoor ander deel te maak van ons lewens. Maar hier is die vraag:

Leer ons ooit om onself te vergewe?

Dis soms baie makliker om mense wat iets aan ons gedoen het te vergeef as wat dit ooit is vir ons om onself te vergeef.

Indien ons nie onself kan vergeef nie, kan ons nie aanbeweeg in ons lewens nie. Ons sit altyd met skuld en selfverwyt en met hierdie gevoelens kan ons nie tot selfvergifnis kom nie.

Indien ons nie onself kan vergewe nie, kom dit daarop neer dat ons dink ons oordeel is groter as God s'n. Ons oordeel kan nie groter as syne wees nie. Ons is nie belangriker as God nie en net so kan ons oordeel is nie groter wees nie en ook is ons vergifnis nie meer werd nie.


In Miga 7:18–19 word die volgende van God gesê:

“Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde....U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde.”

As God dan nie vir altyd kwaad bly vir ons as ons verkeerd doen nie, hoe kan ons vir onself altyd kwaad bly?

God gee genade aan ons, waarom gee ons ons wat nie naastenby so belangrik soos God is, dit aan onself nie. God leer ons wat dit is om genade en vergifnis te hê, kom ons pas dit toe op ons eie lewens.

Daarom kan, en moet ons daagliks vir God vra om ons te leer om genade en vergifnis vir onself te hê, want as ons dit nie vir onself kan hê nie, maak dit van ons bitter en harde mense. Bitter en harde mense kan nie die liefde wat God vir ons gegee het, weer aan ander gee nie.



Die tuimelende toring van Parys – Deel 3

Nicola du Plessis

Hy staan!

My hart klop in my keel.

“Ek dink dit het gewerk,” fluister Klara, asof die konstruksie weer gaan omval as sy te hard praat.

Vir amper ’n minuut kyk ons so in stilte na ons handewerk. “Ek dink ons kan nou maar ophou staan.” Klara fluister steeds.

“Ja, netnou vind ons uit een van ons het laser-oë, dan moet ons alweer van voor af begin,” beaam ek. Giggelend staan ons op. Ek loop na die yskas en gooi vir ons elkeen ’n glas vrugtesap in.

“Nou hoop ons net Meneer dink die ding is so oulik soos wat ons dink hy is. Wat sal ons hom noem?” Laat Lara nou van haar hoor.

Ek dink ’n oomblik na. Dis die Eiffeltoring, in my opinie. Hy val heeldyd om. En ons bly in Parys. Nou wel nie die een in Frankryk nie, maar tog.

“Wat van die Tuimelende toring van Parys?”

Lara dink ’n oomblik na, en knik dan instemmend. Klara stem ook in.

Die volgende môre, kwart voor sewe, kom ons ouder gewoonte onder die Wilde Vyeboom bymekaar. Ek met die toring in ’n boks, Lara met haar neus in ’n NW-handboek en Klara, met die finale geskrewe deel van ons taak.

“Is jy reg vir die toets?” wil Klara dadelik weet.

“So reg soos ek gaan wees. En jy?”

“Jip.”

Ek draai na Lara. “En jy?” Sy lees fluisterend verder deur die werk. Knik haar kop aan die begin van elke nuwe feit.

Ek en Klara kyk na mekaar.

“Aarde na Lara, hello-o-o-o-o-o!!”

Sy kyk van die boek af op.

“Huh?”

Ek lag. “Ek vra: Is jy reg vir die toets?”

“Ja. Ek dink so. Het jy die toring onthou?”

Ek beduie na die boks by my voete.

Sy maak dit oop. “Net om seker te maak hy is nog in een stuk.”

Ek glimlag. Natuurlik is sy die een wat daaroor wonder.

Ons staan so en gesels tot die klok lui.


Met ’n laaste “sterkte” verdwyn Lara na haar klas. Ek en Klara gaan ook ons verskillende rigtings in. Nou net gou toets skryf en dan eerste periode tegnologie.

Ek stap by my klas in. Gaan sit op my stoel, reg vir die toets. Dis toe my vraestel op my tafel land wat ek besef die Tuimelende toring van Parys staan nog op die rugbyveld ...

KLEUTERPRET

SOEK EN INKLEUR

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Soek die 10 verskille tussen die twee prente en kleur hulle dan in! Plaas jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!



Jongmensjolyt

'n Hart vir Vergifnis

In Matteus 18 vra Jesus se dissipel Hom hoeveel keer moet hy iemand vergewe as hulle iets verkeerd teen hom gedoen het. Jesus antwoord: "Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer."

Wat beteken dit dan om te vergewe? Dit beteken om nie meer die verkeerde ding wat hulle aan jou gedoen het, teen hulle te hou nie.

God se hart is vol liefde en daarom het Hy, as ons in Jesus glo, ons vergewe. Hy hou nie meer ons sondes teen ons nie en daarom is ons vry om ander te vergewe.

Jesus het ook vir ons die Heilige Gees gegee, wie God se liefde in ons hart laat groei en ons help om ander mense "selfs sewentig maal sewe keer" te kan vergewe!

Kom ons vou 'n origami hart:

1.



Neem enige kleur papier en sny dit in 'n vierkant.

2.




Vou die vierkant in die helfte. Vou oop. En vou dan weer in die helfte in die ander rigting.

3.




Vou die onderste helfte tot by die horisontaal middel vou.

4.




Draai die papier om. Vou die onderste twee hoeke binnetoe tot by die vertikale middel vou.

5.




Draai die papier weer om. Vou dan die linker- en regterkante na die vertikale middel vou.

6.



Vou dan die boonste linker- en regterhoeke binnetoe.

7.




Trek die boonste punt af na die onderste punt.



Skuif dan die punt binne-in die driehoekige sakkie in.


8.



Vou die boonste flappies plat soos op die foto.

Vou dan die twee boonste hoekies skuins binnetoe.

9.



Vou dan die heel boonste hoekies ondertoe om die hartjie te voltooi.



Snuffelfontein



Heerlike ingelegde slaaië beskikbaar!
 -Kerriebone: R90
 -Koperpennie, uie en spaghetti: R80
 -Beetslaai (groot): R70; (klein): R40
 Kontak vir Lorain Deysel by
 084 503 3369.

Blokadvertensies

MOOTKAMP

12 - 18 Julie 2026
 Fraaibos Kampterrein

Koste

Skoolverlaters: **R1000 pp**
 Groepleiers: **R1100 pp**



Vir enige navrae:
 SJ: 066 391 7446



Slegs vir Gr. 10 - 12

MOOTLITE

2026

GELOOF
 is 'n
 WERKWOORD

28 Junie - 3 Julie

Graad 5-9 | R 1200pp
 Thaba Morula Kampterrein



Inskrywingsvorm:
<https://forms.gle/1G9gdSGTghUUrGFZ8>



mootlitekamp@gmail.com
 ds Lohan Linde (084 787 5119)
 ds Hardus Lee (082 992 9822)

MOOTLITE - LITE DIE VUUR

GEBEDSGROEP VIR JEUG

"Laat die kindertjies
 na My toe kom..."
 Lukas 18:16

"Bid gedurig."
 1 Tess 5:17



Kontak:
 Anneën van der
 Merwe
 072 671 8373
 of skandeer die QR-
 kode na die groep.

Met die doop van elke kindjie
 belowe ons as gemeente om die
 kindjie te ontvang, vir hom/haar
 te bid, lief te hê en 'n voorbeeld
 te wees.

Ons is opsoek na mense wat
 bereid is om ons kindertjies na
 Jesus toe te bring deur vurig vir
 hulle te bid!

Terebinte Diensgroep

Ondervind jy probleme met depressie,
 angstersteuring of verslawing?
 Die Terebinte Diensgroep wil jou graag
 bystaan.

Whatsapp na:
 072 809 8823

Of e-pos:
terebinte@annlin.co.za



LAERSKOOL

JEUG SPELETJIES AAND!

SPLEEL. LAG. KUIER. GENIET!

Kom geniet 'n aand
 vol pret, vriende en
 fantastiese speletjies!

SPELETJIES SOOS:
 MONOPOLY
 TWISTER
 PLUIMBAL
 EN VELE MEER!

ALMAL WELKOM!
 Kom saam, bring jou maats en kom geniet
 'n onvergeetlike aand vol speel, lag en lekker kuier!

DATUM: 26 JUNIE
 TYD: 17:00
 PLEK: KERKSAAL
 GRAAD R - 7
 ALMAL WELKOM!

HOÛRSKOOL JEUG

HOE SLIM IS JOU MUSIEK slim?

19 JUNIE 2026
 18:30 - 21:00
 KERKSAAL

WARM SJOKOLADE & WARM-BRAKKE

BRING JOU KLASMAATS EN SKOOLMAATS
 EN JOU MUSIEKINSTRUMENTE SAAM!



UITNODIGING
DAMESOGGGEND
22 Augustus 2026

JAK DE PRIESTER

VENUE: JONIBACH SPORTSENTRUM
TYD: 08:00 VIR 09:00
KOSTE: R250 P/P

KONTAK:
Susan Fourie 082 745 4117
Elize vd Walt 079 339 5244

GESAMENTLIKE UITREIKAKSIE:
VAN PRETORIA-GEMEENTES
TEN BATE VAN DIE
Pres Kruger Kinderhuise
(GEORGANISEER DEUR DIE GERE Kerk KAMEELDRIFT)

★ Gereformeerde Kerk Rooihuiskraal bied aan: ★

BARNYARD
Fondsinsameling

BOB MARLEY, ELVIS PRESLEY, VILLAGE PEOPLE, BACKSTREET BOYS, BEYONCÉ, TINA TURNER, JENNIFER LOPEZ

11 SEP 2026 19:30

THE FINAL COUNTDOWN
THE GREATEST MIXTAPE PLAYLISTS OF YOUR LIFE

WAAR: The Barnyard, Menlyn
WANNEER: Vrydag 11 September 2026 om 19:30
KOSTE: R225 per persoon

Vir inligting en besprekings kontak...
Liza 072 460 7779
Magda 082 822 9247
Epos: barnyard@gkrhk.org.za

GTA KURSUSSE

Gereformeerde Teologiese Akademie
Reformed Theological Academy

R2600 P.KURSUS

TWEEDE SEMESTERKURSUSSE:

- Inleiding tot die Nuwe Testament
- Skryf Akkuraat
- Nuwe Testament: Evangelies en Handeling
- Coram Deo: Lewe voor God in gebed
- Drie Formuliere van Eenheid
- Ou Testament; Pentateug
- Evangelistiek
- Kerkgeskiedenis van Afrika
- Kanoniek van die Bybel

BESOEK ONS WEBBLAD
<https://rgta.org.za/>

SKRYF IN!

- Die kursus strek oor 6 maande
- Kursusse word in die aande aangebied en opgeneem
- Jy kan 'n Sertifikaat van Bevoegdheid OF 'n Sertifikaat van Bywoning voltooi

CRL : Geloofsgevaar
www.youtube.com/@OwerheidDeputate/

Aanlyn Webinaar • 20 Junie 2026
RSVP: OwerheidDeputate@gmail.com

Onlangse stellings van die CRL voorsitter dui op moontlike staatsbeheer oor kerke. Hierdie webinaar gaan dit aanspreek.

09:00 Opening
Ds Pieter le Roux

09:25 Historiese Reaksies
Prof Andries Raath

10:05 CRL gevaar
Adv Pieter Aucamp

10:45 Bespreking

11:15 Die Staat as God se Dienaer
Prof Francois Muller

11:55 Wat kan en moet gedoen word
Ds Tommie van Vuuren

12:35 Bespreking

Simultaneously in English
20 Junie

Ethiopiese amptenaar Hand 8:27

Sola Scriptura • Sola Fide • Sola Gratia • Solus Christus • Soli Deo Gloria

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

